# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (41/16)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 28 Oktober 2016*




***"A good decision is based on knowledge and not on numbers" Plato***

## SITRUSBEMARKINGSFORUM

Die laaste CMF vir 2016 is by die Canal Walk-ouditorium, Kaapstad, op Woensdag gehou. Daar was 'n goeie opkoms met baie wat na die seioen as ongewoon verwys het. Dit was duidelik soos die afgevaardigdes na die syfers van die skatting versus dit wat werklik vir 2016 gepak is, gekyk het. CGA het 'n doel om binne 10% van die oorspronklike skatting te wees - 0-5% is as goed beskou en 6-10% is aanvaarbaar; 'n verspreiding van meer as 10% word gesien as onaanvaarbaar. Oor die jare het die CGA en die Variëteitsfokusgroepe (VFG) hul vermoëns om te skat verbeter - dit is duidelik in die onderstaande tabel waar groen goed is, amber is aanvaarbaar en rooi is onaanvaarbaar. In die beginjare was daar 'n aansienlike hoeveelheid rooi; in die middeljare was daar meer oranje en groen; terwyl dit in die afgelope jare meestal groen was. Ongelukkig was twee fokusgroepe in 2016 in die rooi (Valencia en pomelo); terwyl die ander drie oranje was. Wat regtig interessant is, is dat die algehele skatting net 2% minder as die oorspronklike skatting is.

| | 2005 | 2006 | 2007 | | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Pomelo's** | -19% | 30% | -20% | | 2% | 8% | 1% | -9% | -15% | -14% | -7% | 6% | 12% |
| **Sagte Sitrus** | -25% | 7% | -18% | | 1% | 9% | Spot on | 14% | Spot on | 3% | 10% | -1% | 9% |
| **Suurlemoene** | 13% | Spot on | 4% | | -16% | 8% | -6% | -9% | -6% | -5% | 8% | 10% | -7% |
| **Lemoene** | Spot on | 18% | -18% | **Nawel** | -8% | 11% | -6% | -8% | 7% | 2% | 1% | -3% | 6% |
| | | | | **Valencia** | -3% | 12% | -11% | -3% | -1% | 6% | Spot on | 5% | -11% |
| **TOTAAL** | -5% | 17% | -17% | | -5% | 10% | -7% | -5% | -1% | 5% | 1% | 4% | -2% |

| | VAL | NAW | POM | SUURL | SS |
|---|---|---|---|---|---|
| **Sondagsrivier** | 14% | -3% | | -19% | 1% |
| **Senwes** | 17% | 26% | | 17% | |
| **Letsitele** | -12% | | -9% | | |
| **Hoedspruit** | | | -9% | | |
| **Wes-Kaap** | | -9% | | | -2% |
| **Patensie** | | 11% | | | 31% |
| **Limpoporivier** | -8% | | | | |
| **Onderberg** | | | 10% | | |
| **Boland** | | | | | 28% |
| **Nelspruit** | | | | | 7% |

As ons na die streke kyk en veral dié met meer as 10% van die kategorie aandeel, kan gesien word dat die verskillende streke verskillende uitdagings in die gesig gestaar het. Dit illustreer die voordeel daarvan om oor so 'n wye geografiese verspreiding te pak. Neem suurlemoene as 'n voorbeeld; alhoewel die Sondagsrivier heelwat laer as die skatting was, kon invoerders steeds gediens word deur 'n hoër as verwagte volume uit Senwes. Letsitele het die invloed van die droogte op beide Valencias en pomelo's onderskat. Hoedspruit het ook die effek van die hael op pomelo's onderskat. Die groei in sagte sitrus het die meeste verras.

## GEPAK EN VERSKEEP

Dit sal die laaste keer wees dat die verpak- en verskeepstabel in die nuusbrief verskyn. Vanaf volgende week sal die nuusbrief per sitruskategorie oor die afgelope seisoen verslag doen.

| Tot einde Week 14/10/16 Miljoen 15 Kg Kartonnes | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 15.6 m | 16.1 m | 13.8 m | 14.7 m | 13.2 m | 12.4 m | 13.8 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 10 m | 10 m | 12.2 m | 9.2 m | 11.3 m | 11.2 m | 12.2 m | 10 m |
| Suurlemoene | 13.2 m | 15 m | 15 m | 14.6 m | 14.6 m | 16.1 m | 15.1 m | 15.1 m |
| Nawels | 26 m | 24.5 m | 26.2 m | 23.2 m | 25.5 m | 25.1 m | 26.2 m | 24.5 m |
| Valencias | 50.6 m | 52.5 m | 41.6 m | 46.6 m | 40 m | 46.4 m | 41.7 m | 52.7 m |
| Totaal | 115.4 m | 118.1 m | 108.8 m | 108.3 m | 104.6 m | 111.2 m | 109 m | 118.4 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**